**Sondag, 17 Maart 2024**
**5e Lydensondag**

## ‘n Merkwaardige koninkryk –
## want God boer met genade, vir groot én klein, dié lankal hier én inkommers!

*“Die koninkryk van die hemel is soos ‘n grondeienaar wat reeds vroegoggend uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur… Teen die elfde uur het hy (weer) uitgegaan en ander gekry…*
*Hy het een van hulle geantwoord: ‘Vriend, ek doen jou nie ‘n onreg aan nie… Neem wat joune is en gaan. Ek verkies om vir hierdie laaste een dieselfde te gee as vir jou. Mag ek nie met my goed maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?’*
*So sal die laastes eerste wees, en die eerstes, laaste.”*
(Matteus 20:1, 6 en 13-16)

Ons volg in gedagte nou, Jesus op sy weg na Jerusalem. Twee keer reeds het Hy aan sy dissipels bekendgemaak; vanoggend ‘n derde keer: *“Die Seun van die Mens gaan oorgelewer word in die hande van mense…”* (Mat. 20:18). Langs die pad, soos hier nou tussen die dorpies oorkant die Jordaan en naby Jerigo, nie meer te ver van Jerusalem, het Jesus stories aan sy dissipelkring vertel en aan die skares wat van plek tot plek saamdrom. Stories van vergelyking – “gelykenisse” – waarin Hy ‘n geestelike werklikheid soos “die koninkryk van die hemel” of van God se heerskappy, met iets aards, bekends en alledaags vir hulle vergelyk. ‘n “Saaier het uitgegaan om te saai…” (Mat. 13:3); “terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom…” (13:25); die koninkryk van die hemele is soos “’n mosterd-saadjie” of “suurdeeg” of “kosbare pêrel” (13:31, 33, 46); ‘n “klein kindjie” of ‘n “verlore skaap” (18:3 en 12). Stil, klein, onsigbaar, maar séker – só breek die koninkryk van God daagliks in en rondom ons deur, asof vanuit daardie “binneste skatkamer”, ons verborge hart waarin ons die verborge God ontmoet (6:6; 13:52)…

En wát ‘n skat, wát ‘n ontmoeting: Die koninkryk van die hemel is merkwaardig, verrassend ánders as wat ons sou kon dink (en meestal ook leef)! In die koninkryk van die hemel tel dit nie wie jy is, waar jy vandaan kom, hoe lank jy al hier is en of jy verdien om hier te wees en elke dag al die verpligtinge nakom nie – *“ons wat die dag se werklas en die hitte moes verduur”* (20:12) – maar word alles bepaal deur die “grondeienaar”, die “Boer” aan Wie dié koninkryk behoort; Hý “verkies” om sy genade en kosbare goedheid, sy vergifnis en omgee uit te deel, sónder aansien des persoons. Hulle het name, dié wat eerste “gehuur” was én dié wat eers laatmiddag ingeval het… en vir ons lê die keuse by hoe ek op God se genade en Wese reageer, Hy wat met genade boer.

Ons sien dit immers vanoggend wéér, hier, voor ons oë gebeur!

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom ook aan alle besoekers, veral die uitgebreide familie van klein Amé Badenhorst, ons dopeling vanoggend; nuwe lidmate en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Wydingslied:** "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding" (Lied 391:1 & 3)

**Votum** (uit Jesaja 53)

**Wydingslied:** "U lyding breek my trotse hart en rede" (Lied 391:4)

**Seëngroet**

**Loflied:** "O Here, U ken my volkome" (Psalm 139:1, 3 en 5)

**Herinnering aan Woorde vir 'n geseënde lewe…**

**Verootmoediging:** "Here Jesus, ek is klein" (Lied 543:1 en 3)

**Herinnering aan die doopgenade…**

**Geloofsbelydenis**

**Bediening van die doop aan Amé Badenhorst**

**Toewydingslied:** "O Verlosser, maak my sterk" (Lied 543:2)

**Kinderverhaal**

**Gebedslied:** "Jesus, o dink aan my" (Lied 384 – gesing in Afr, Eng, Afr)

**Skriflesing:** Matteus 20:1-19

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Ons roeping en ons medewerking, uitnodiging en uitsending…**

**Slotlied:** "Ek weet vir seker" (Lied 514:1 en 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

Ons nooi jou nou uit vir 'n heerlike koppie tee, koffie en koek in die binnehof;
die Koragiete se Koffiehuis (donasies ten bate van ons Orrelfonds).

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 17 Maart | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais: *"'n Lied vir Lydenstyd"* (Sangdiens) |
| Sondag, 24 Maart | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Palmsondag) |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte en gebed* (Taizé) |

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig, of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe... Indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak enige van ons leraars vir 'n afspraak.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 17 Mrt | Frikkie Badenhorst, Roelof Fourie, Leah-Ané Human, Linette Peltzer, Pulani Pickard, Salomon Strydom, Johann van der Schyff en Denise van Rooyen. |
| 18 Mrt | Gertie Joubert en Marthinus Schoombie. |
| 19 Mrt | GF Fourie, Michael Gerber, Annette Kleynhans, Corli Marais, Hester Roos en Jaco Spies. |
| 20 Mrt | Marie Geissler, Annelize Kleynhans, Irene Marais, Patrick O'Neill, Ellen-Anne Swart, Leané van Pletzen en Pieter Wilken. |
| 21 Mrt | Johan Cilliers, Corrie Engelbrecht, René Maritz en Chris Wentzel. |
| 22 Mrt | Rudi Engelbrecht, Amé Swanepoel en Nina Swanepoel. |
| 23 Mrt | Christa Prinsloo, Lambrecht Scheepers, Wikus Schutte, Andries Snyman en Rachelle Wilson. |

Ons hartlike gelukwense vanoggend aan Anel-Marie en Louwrens Badenhorst (Jan van Riebeeckstraat 13), die ouers van klein Amé met haar doop; aan julle en die hele familie word die seën van die Here op haar lewenspad vorentoe gebid – ons is saam met julle bly!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Prof. Andries Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem; wyk 17); Tannie Rina Visser (Batonstr. 2, wyk 2); Marieta de Wet (Winterstr. 19, wyk 6b); Manie Pickard (Winterstr. 7, wyk 6b); Charlotte Horak (Dromedarissgl 5, wyk 14); Koos Kritzinger (Bella Donna 17, wyk 12); Charlotte van Rooyen (Siësta 40, wyk 10); Tannie Hantie Meyer (Languna 29, De Villiers Brinkstr, wyk 18a); Oom Kosie Kruger (Plaas Vlakspruit, wyk 13a); Oom Mike de Kock (Serenicare 5, wyk 15a) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk15). Mag die Here naby elkeen van hierdie siekes wees.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

**Ons Bybelstudies het afgesluit vir die kwartaal;** hervat weer ná die Herfsvakansie op Woensdag en Donderdag, 3 en 4 April 2024.

## KERKRAADSAKE

**Verlof:**

Ds. Johan Marais is met vakansieverlof vanaf Vrydag, 22 Maart tot Saterdag, 6 April 2024.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In Maart sorg **wyke 3** (Blok agter kerk en wes tot by Eie Haard-Koshuis) en **4** (Westelike hoër hang teen Grant's Hill) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Marthina van Zyl in die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Bewys van lidmaatskap vir die volgende nuwe lidmate is ontvang vanaf…**
Bloemfontein-APK: **Le Roux**, Pieter Emelius, Ruané (geb. Van Niekerk) en Philip Ruan.
Bloemfontein-Noord Geref. Kerk: **Buys**, Hester Hendrina (geb. Vorster).
Bloemfontein-Noord: **Becker**, Frank Johannes, Wilna (geb. Oosthuizen), Cian en Liam.
**Slabbert**, Christiaan, Ludelle (geb. Van Rooyen), Marius Christian en Janli.
Bloemheuwel: **Combrink**, Maria Hendrika (geb. Steyn); **Dixon**, Anna Glaudina (geb. Van Zyl) en **Kleynhans,** Susanna Johanna Elizabeth (geb. Smit).
Brandfort-Oos: **Engelbrecht,** Catharina Jacoba (geb. Kok).
**Van den Nieuwenhof**, Irene (geb. Engebrecht).
Ermelo Herv. Kerk: **Uys**, Johannes Urbanus.
Heuwelkruin: **Engelbrecht**, Wouter, Cindy (geb. De Vries), Wian, Ruan en Miané.
**Swanepoel**, Justin, Hester Elizabeth (geb. Badenhorst), Du Preez, Amé en Nina.
**Wilken**, Pieter Hermanus, Martha Magdalena (geb. Papenfus) en Marzanne Hester.
Heuwelsig: **De Villiers**, Lydia (geb. Griffin), Lika, Edward Knolles en Cornelius Valkenburg.
**Viviers**, Wynand Gert Hendrik, Johanna Huarnita (geb. Van der Berg), Kayley en Linka.
Hospitaalpark: **Wiggett**, Salmina Marthina.
Hugenoot: **Henzen,** Cloudina Maria Jacoba (geb. Smith).
Ladybrand: **Swart**, Pieter Schalk.
Langhovenpark: **Key**, Edward; **Pretorius**, Johannes Stephanus, Chantelle (geb. Bornman), Janco en Dané; en **Uys**, Liezl (geb. Van Tonder).
Marquard: **Bekker**, Martinette (geb. Haarhoff).
Pellissier: **Dreyer**, Sarah Victor (geb. Visser).
Senekal-Noord: **Bekker**, Miané, Cornelis Francois en Zeldi.
Vrede: **Wessels**, Gertina.
Wierdapark-Suid: **Potgieter**, Henco

Nóg ‘n keer: Hartlik welkom aan al hierdie nuwe lidmate; ons vertrou dat u verblyf by ons alreeds ‘n geseënde ervaring is. In geval van navrae, kontak die kerkkantoor of leraars.

## BEDIENINGE

### JEUGBEDIENING

**Jongspankamp:** Baie dankie aan ds. Janke Hurter en haar hele span helpers – dit was ‘n heerlike opwinding om saam met die 37 kleintjies in die kerksaal te kamp!

**Matrieks ’24:** Al ons matrieks en maats word uitgenooi om vanmiddag 17:00 die kwartaal saam in die Jeugkamer af te sluit (iets te ete en drinke), met ons gas: **Karla Pretorius**, die Protea Netbalspeler/kaptein – sy kom gesels oor motivering, fokus, teleurstellings en karakter… Moet dit nie misloop nie!

## EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 17 Maart: **Teologiese Opleiding Seminarium.**

U kan ook ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).** Oorweeg asb. biddend u finansiële ondersteuning vir ons gemeentelike lewe vanjaar en vir die versterking van ons noodlenigingsaksies. **Baie dankie!**

SnapScan